# Eldo-Gespreksgids

Het jy al iets verloor? Iets waar mens hierdie dringendheid het wanneer jy iets belangrik verloor het soos jou beursie of selfoon? En dan na die tyd het jy hierdie rustigheid en blydskap wanneer jy dit gekry het? Nou net so het die vrou van die verlore Muntstuk in **Lukas 15:1-3, 8-10** gevoel toe sy haar muntstuk verloor het. Maar as ons die teks aanpak via 'n "realistiese lees" daarvan (dit is wanneer ons onsself in die skoene van die eerste hoorders plaas en die teks probeer verstaan soos wat hulle dit oorspronklik sou verstaan het), kom 'n paar goed na vore wat verlore gaan in die teks. Byvoorbeeld, ons kan aflei dat die vrou (1) arm was, (2) gesoek het na 'n klein geldjie met baie min waarde gehad het, (3) alleen sonder gebly het sonder enige familie – wat haar situasie net nog vererger het (sy was dalk 'n weduwee en moontlik ook oud gewees), en (4) het in 'n ou stowwerige huisie gebly waar sy 'n lamp moes aansteek, vee en deeglik soek om hierdie klein muntstukkie te kry. En boonop was sy ook (5) 'n vrou gewees, wat nie baie status in die lewe gehad het nie en op neergekyk was in daar die tyd. So die vrou was oor die algemeen dié wat op die uithoeke van die samelewing geleef het wat aansien aanbetref in daardie tyd.

Luk. 15



Nou, dink net hoe die Fariseërs en skrifgeleerdes sou reageer toe hulle, die aan die ander kant van die spektrum met baie aansien en status, hierdie verhaal van hierdie arm vrou sou hoor van Jesus? Dit sou 'n klap in die gesig vir hulle wees! *Maar* dis juis die punt! Jesus wil die Fariseërs leer dat status nie iets is waarin God vaskyk nie. Dit maak nie saak wat jou waarde is in die samelewing nie, jy is belangrik vir God en daarom wil Hy saam met jou eet. En ons sien dit ook so mooi in die gelykenis self: waar die vrou so drasties en deeglik soek na 'n eenvoudige klein muntstukkie, sal Jesus ook net so na ons soek, ons met "min waarde". Ons in ons sondige natuur waar ook al ons verlore in die lewe mag wees. God gaan ons soek totdat Hy ons weer gekry het, want ons is vir Hom belangrik. Selfs al dink mens nie so nie, of voel mens jy verdien God nie. Die wêreld breek ons baie keer so af en ons voel ons is nie waardig nie. Ons het nie soveel geld of so 'n belangrike beroep of hoë posisie nie, of ons misluk as 'n ouer, kind, ouma, oupa, of as eggenoot. Dan raak mens moedeloos en mens voel sonder waarde, soos hierdie klein muntstuk. Maar, weereens, al voel ons hoe nutteloos, *ons is waardig in God se oë*! So hou moed en hou jou oë gerig op God – ons vesting, rots, skuilplek en sterke (soos die Psalms ons altyd ook so mooi herinner).



Maar saam met hierdie, sluit die gelykenis ook eintlik 'n opdrag in vir ons van vandag: soos Jesus dié met min status, sondaars en armes (of dalk nie-Christene) ontvang het, moet ons ook dié met min status, sondaars en armes (of nie-Christene) ontvang. Moet ons ook uitgaan en by ander sit en hulle vertel van God en so die goeie nuus bring soos Jesus gedoen het. Dis tog die groter betekenis van vers 10 nie waar nie? Die blydskap wat ervaar word is wanneer iemand 'n Christen word of dalk weer hulle vlammetjie vir God aansteek. So, leef jou geloof uit sonder skaamte. Gaan deel God se liefde aan die wie verlore voel of wie voel God is ver van hulle af. Laat ander mense God se liefde in hulle lewe raaksien en sodat ons ook so, soos vers 10, saam met die engele fees kan vier wanneer iemand na God toe roep en na Hom toe gaan.

## Gespreksvrae

- Het jy al iets verloor wat jy met dringendheid gesoek het en toe met groot verligting weer gekry het?
- Die teks leer ons, via 'n realistiese lees, dat ons belangrik is vir God – Hy wil saam met ons eet aan tafel. Hoe laat dit jou voel? Wat leer dit vir ons wat dalk nie altyd so deur die wêreld of onsself gesien word nie?
- Hoe kan jy jou geloof sonder skaamte uitleef?